

26. Maatskaplike Sake

26.1 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA : GODSLASTERING (Art 152)

- A. Ds SD Snyman stel die Beskrywingspunt.
- B. Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. BESKRYWINGSPUNT

1. Beskrywingspunt

- 1.1 Die Algemene Sinode spreek hulle ernstig uit teen die voortgesette lastering en ydelike gebruik tydens sommige televisie-uitsendings, van die heilige Naam van die drie-enige God van hemel en aarde.
- 1.2 Die Algemene Sinode besluit om versoë via die Deputate Korrespondensie met die Sentrale- en Streeksowerhede aan „The South African Broadcasting Complaints Commission“ (Posbus 412365, Craighall, 2024) te rig waarin die GKSA ernstige beswaar aanteken oor die voortgesette lastering en ydelike gebruik tydens sommige televisie-uitsendings, van die heilige Naam van die drie-enige God van hemel en aarde, wat wêreldwyd deur alle Christene bely word, met appèl op die eerbiediging van elkeen se geloofsoortuigings, soos trouens ook deur die owerheid in beginsel onderskryf word. Die voorligter van die Beskrywingspunt sal die Deputate van konkrete gevalle voorsien waarteen die beswaar gerig kan word.
- 1.3 Hierdie Beskrywingspunt, indien dit deur die Streeksinode Pretoria van November 2014 aanvaar word, voorgelê word vir deursending na die Algemene Sinode van 2015, sodat die stem van die Gereformeerde Kerke eenparig oor hierdie gewetenswroegende saak, so wyd as moontlik, hoorbaar gemaak sal word. Sodoende kan die eer en agting van die Naam van die drie-enige God, ten minste in hierdie opsig, voortaan bevorder word.
- 1.4 'n Getuienisdokument word deur die Deputate in Engels opgestel wat beskikbaar gestel word om te stuur aan vervaardigers waar lastering voorkom.

2. Motivering

- 2.1 Die Here rig 'n duidelike waarskuwing aan almal in sy heilige Wet (Eksodus 20:7 en Deuteronomium 5:11) in die derde gebod: „Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.“¹ En „Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal dié een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.“²
- 2.2 Sondag 36 van die Heidelbergse Kategismus of ook genoem „Onderwysing in die Christelike Leer“, vra in vraag 99: „Wat eis die derde gebod?“ en dan is die antwoord: „Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroop (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).“ Verder lui vraag 100 só: „Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie so ver moontlik teëgaan en verbied nie?“ en dan is die antwoord: „Ja seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).“

¹AV 1933/53

²AV 1983/91

2.3 Kerkorde, art 28 bepaal onder andere soos volg: „Dit is ook die plig van die kerklike vergaderings om in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig.“ Hierdie is ‘n geval waarin ons as kerke moet bly getuig.

3. Slot

Dit is ons gebed dat die Heilige Gees ons in ons verhoë so sal lei dat alle partye die noodsaaklikheid hiervan sal besef, tot behoud en stigting van ‘n vreedsame samelewing in Suid-Afrika, en dat so elke Christen-gelowige se geloofsoortuiging eerbiedig sal word.

Besluit: Dat aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word (wysigings reeds aangebring – Deputate Handeling).